VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

18 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #1B

Geliefde Gemeente,

*Bo al u donker bome, o Heer,*
*groei my 'n enk'le reusboom uit:*
*dit is die wag-'n-bietjie-bos*
*van u besluit.*
*Van ver so skoon, so groen, so blink...*
*maar hoe verward*
*wanneer ek dieper kyk en dink*
*as wat 'n sondaar pas.*
*En steek ek dan my hande uit*
*na u besluit,*
*dan gryp ek in die dorings vas.*

*~ Die Godsbesluit gedig deur Totius.*

Dit kan nie genoeg beklemtoon word, dat **KARAKTER** in hierdie tyd van inperking, geopenbaar moet word nie. Sonder om té filosofies te klink, wil ek graag karakter definieer.

**Wat is karakter**?

Karakter is eintlik wie jy is: die edele aard of die teenoorgestelde daarvan; persoonlikheid en absolute eerlikheid. Om ten alle tye eerbaar op te tree, en om konsidererend 'n man van jou woord te wees. Om nie ongevoelig, koud, en oneties teenoor jou medemens op te tree nie.

**ENKELE RIGLYNE**:

***Jes. 30:15*** *"In terugkeer en rus lê julle heil, in stil wees en vertroue bestaan julle krag."* God se besluit ten opsigte van volke en individue is altyd: beproewing, loutering; wat daarop ingesteld is, om ons deel te maak van Sy wil en plan – wat ten alle tye 'n groter plan is as wat ons plan is. Eie wil en eie krag, eindig so dikwels in teleurstelling en mislukking. Dit is van die allergrootste belang, dat ons God sal vertrou, sal verstaan en Hom toelaat om in die situasie werksaam te wees ooreenkomstig Sy wil en welbehae.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Nog ‘n riglyn wat ek aan u wil voorhou is die volgende: leer om op God te **wag**; ***Jes. 30:18*** *“Welgeluksalig is almal wat op Hom wag!”* Ons kan tog so *haastig* wees, sonder om te besef dat haastigheid die baarmoeder van ongeduld is. Een van my gebede wat ek nou al 36 jaar bid, het nou nog nie in vervulling gegaan nie, om dan te verstaan: dat ek myself deel gemaak het van God se plan, en as dit nie bedoel is om deel van God se plan te wees nie, my daaraan te onderwerp. Dit beteken nie dat ek ophou om te bid nie. Dit beteken wel om in Sy **“rus”** ***(Heb. 4)*** te bid en te berus.

Dan is daar ‘n ander aspek. Wat is daar nog teenwoordig in jou lewe, waarmee God nie tevrede is nie? Lees gerus ***Jes. 30:22*** – om ons nie te verontreinig met die *oortreksel* van ons gesnede beelde nie en ook nie met die beslag van goud – gegote beeld – nie. Dat ons sal **WEGGOOI** alles wat ons besoedel en dat ons sal uitroep: **“WEG DAARMEE!”**

Met watter *skyn* ten opsigte van jou gegote beeld; watter bedrog van jou visie en missie, is tans besig om jou te besoedel? Die sekulêre wêreld, se algemene tendens in die tyd waarin ons lewe, is om baie “voorskriftelik” te wees, wat in die meeste gevalle aanvaarbaar is – byvoorbeeld saamwoon en voorhuwelikse seks – om net een enkele voorbeeld uit te lig, daar is baie voorbeelde wat genoem kan word. Op die huidige oomblik word die Corona virus aan ons voorgehou, asook die gepaardgaande statistiek, asof dit 100% die waarheid is en wat tans deur die nuusmedia bevraagteken word. Laat ons egter ons nie vermoei met die Corona virus nie. Hierdie inperking – **Retreat** – is u en ek se geleentheid, om ons huis skoon te maak. Dit herinner my aan ‘n hart liedjie:

*“Let the blessed sunshine in,*
*Clear the darkened windows,*
*Open wide the door,*
*Let the blessed sunshine in.”*

Laat dit ‘n tyd van **inkeer, ommekeer en toekeer** wees, sodat dit nie van ons gesê sal word: *“ons wou nie terugkeer nie.”*

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

In hierdie tyd wil God dat ons die ***leraars*** met ons oë sien – ***Jes. 30:20***. Dit is 'n tyd van benoudheid en dit is 'n tyd van bedruktheid, maar dit is ook 'n tyd dat God se leraars hulself nie verberg nie. Wie is hierdie leraars wie geopenbaar moet word? Dit is God-verordineerde leiers, wie in hierdie tyd van benoudheid en onrus, stabiliteit manifesteer, omrede hul verhouding met Christus.

Ons het die heerlike hoop, om onsself aan God toe te wy; ons het die geloofsvertroue dat dit nie ontaard in 'n tyd van onsekerheid nie, maar dat **SEKERHEID** in en deur ons lewens geopenbaar word. Al is die teenstand hoe groot, die impak hoe verontrustend:

*"Turn your eyes upon Jesus.*
*Look full in His wonderful face,*
*and the things of the earth,*
*will grow strangely dim,*
*in the light of His glory and grace."*

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar



15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335